
*Geregistreer aan die H.P.K. as 'n Nuusblad.*

*In die Parlement word GEPRAAT VAN vryheid.*

# Die O.B.



*In die Ossewa-brandwag word GEVEG VIR vryheid.*

EERSTE JAARGANG. WOENSDAG, 13 MEI 1942. No. 27.

## Agtduisend Protesteer Teen Regering se Beleid

### Twee O.B.-Leiers in Pretoria

**Kragtige protes teen die bewapening van naturelle, die skending van ons soewereiniteit deur die moontlike aankoms van Amerikaanse troepe in Suid-Afrika en die moontlikheid dat ons land daardeur die slagveld sal word waar die oorlog tussen Amerika en Japan beslis sal word, is Saterdagaand deur 'n skaar van nagenoeg agtduisend persone op Louis Trichardt-plein, Pretoria, aangeteken op 'n vergadering wat deur die Kommandant-generaal, dr. J. F. J. van Rensburg, en genl. J. A. Smith, Assistent-kommandant-generaal, toegespreek is, en 'n eis is gestel dat onmiddellik om vrede gevra word.**

In sy toespraak het genl. Smith ook alle leiers van ander organisasies, politiek of andersins, uitgenooi om saam op dieselfde verhoog teen die voorgenome bewapening van nie-blankes en die skending van die soewereiniteit van Suid-Afrika deur die toelating van vreemde troepe op ons grondgebied sowel as die interneringsbeleid van die Regering, te protesteer.

Voordat dr. Van Rensburg aan die woord gekom het, is hy byna drie minute aaneen toegejuig waarna hy verklaar het dat die groot skaar teenwoordig en die heersende geesdrif genoeg antwoord is vir dié wat die storie rond vertel dat die O.B. alleen 'n geraamte is. Hy het twee oproepe voorgelees — **een uit die Pretoriase tronk, waarin verklaar word dat wat ook al buite aangaan, die Afrikaners in die tronk een is en by die O.B. en sy leiding staan.**

En die ander 'n oproep tot die insameling van fondse sodat op 8 Augustus 'n groot Fondsdag gehou kan word waardeur alle verpligtinge van die O.B. nagekom kan word en ook om te sorg vir die afhanklikes van geïnterneerdes.

Hy het verklaar dat dit die afgelope tyd gewoonte geword het onder Afrikaners om skelpartye te hou wanneer hulle op 'n vergadering byeenkom. Dit is die werk van demokrate en ,,skinderate'', maar nie van die O.B. nie. Die O.B. wil geen broedertwis voer nie, maar wil die hande vry hê om teen die Regering en die Empire op te tree.

Die Kommandant-generaal het verwys na die nuwe metode van die Regering om mense op hul eie plase te interneer. Hulle mag geen besoekers ontvang en 'n draadloos aanhou nie. Hulle word toegelaat om slegs eenmaal per week inkopies te gaan doen. Die mense word op hul eie onkoste geïnterneer. Hy het dit ook gelaak dat min. Steyn speurders stuur om die persoon en klere van dames te deursoek. ,,Ons beskou dit as uiters laakbaar dat 'n Afrikaanse Minister so met Afrikaanse vroue laat handel en dit waar hy gevra is om dit nie te doen nie. Dan is hy verbaas dat daar geweld gepleeg word. Het hy dan nie 'n moeder, of vrou en dogters of susters nie?'' het hy onder toejuiging uitgeroep. As die Minister nie wil hê dat daar moeilikheid kom nie, moet hy anders optree.

Genl. Smith het verklaar dat die O.B. in Kaapland net soos in Transvaal nog sterk is nieteenstaande wat deur koerantredakteurs vertel mag word.

Spreker het 'n pamflet van die Kommunistiese Party in hande gekry waarin aangedring word dat passe van naturelle weggeneem en 'n geweer aan hulle gegee moet word. ,,Van ons is ons gewere weggeneem en nou wil hulle aan ons passe gee,'' het hy onder uitroepe van verontwaardiging verklaar. Die O.B. wil uit die Brits-demokrasie terug na die vorm van die ou republieke aangepas by huidige omstandighede. Wanneer vandag gepraat word van Nasionaal-sosialisme word dit voorgestel as 'n gogga of spook waarvoor daar gevlug moet word, maar dit is niks anders as die beleid van een vir almal en almal vir een wat daar in die twee republieke geheers het nie.

'n Saak wat spreker diep skok is die kennis dat Suid-Afrika se soewereiniteit op die punt staan om vertrap te word onder die voete van buitelandse soldate wat dreig om van Suid-Afrika die slagveld te maak tussen Amerika en Japan.

## BASAAR LEWER £53 OP

Ondanks die hoë eise wat reeds aan die Afrikanergemeenskap gestel word in hierdie tyd van volksnood, het die O.B.-kommando van Franschhoek op Saterdag, 2 Mei, by wyse van 'n basaar die mooi bedrag van £53 ingesamel.

## LYK DIT NA AFGEWYK?

### KOERANT SE FLOUE EKSKUUS VIR VERBROKKELINGSBELEID

Die Burger van 8 Mei pleit vir 'n terugkeer tot die fondament wat deur die Uniale Kongres op Bloemfontein aanvaar is, d.w.s. die grondslag van die Eenheidskomitee, as die enigste moontlikheid tot herstel van eenheid — 'n standpunt wat ons nog altyd verkondig. Hy reken egter dat dit onmoontlik is omdat: ,,Die H.N.P. hou hom getrou daaraan; die O.B.-leiding en die Pirow-groep, nieteenstaande ook hulle in Bloemfontein daaraan meegewerk het, het **daarvan afgewyk** en lê hulle daarop toe om die volk van die eenparig gekose koers **af te kry.**'' Die Burger verklaar uitdruklik: ,,Daardie aanvaarde grondslag is aan almal bekend — **dié van 'n Chirstelik-nasionale republiek ooreenkomstig ons eie Suid-Afrikaanse model en gewysig na die eis van veranderde omstandighede.**''

Van hierdie grondslag sou die O.B. nou afgewyk het, aldus die blad, en daarom is eenheid nie moontlik nie.

As antwoord op hierdie beskuldiging hoef ons nie na al die versekerings van die O.B. dat hy op Christelik-nasionale grondslag staan, te verwys nie; ons plaas hieronder net 'n kort samevatting van die Grootraad se jongste beleidsverklaring soos in ons blad van 29 April gepubliseer. Die volk kan dan self oordeel of ons afgewyk het van die aanvaarde grondslag:

(Vervolg in kol. 2)

(Vervolg van kol. 3)

,,Die stadium van ontwikkeling van die blanke beskawing met sy ingewikkelde ekonomiese en maatskaplike bestaanslewe, vereis vandag 'n herskepping van die grondslae en instellings van sy staatkundige en maatskaplike bestaans- en bedryfslewe, **op die basis van 'n Christelik-nasionale republikeinse gesagstaat,** gelei en gevoer ooreenkomstig die beginsels en beleid van 'n **Suid-Afrikaans-nasionale sosiale aard,** wat hom aanpas by die **lewnswyse, morele opvattings en godsdienstige beskouings van die Afrikanervolk** en wat streef na die hoogste en mees algemeen uitgebreide mate van **volksgeluk** en **volkswelvaart,** sowel **geestelik** as **stoflik.**

,,Die staat moet waarlik **republikeins vry** en **Christelik-nasionaal** wees, gegrondves op die **ewige regsbeginsels van Gods Woord,** met 'n erkenning van die duidelike ontwikkelingsrigting van ons **volksgeskiedenis** en die noodsaaklikheid om dit by **moderne vereistes van ons tyd aan te pas.**''






'N VOORBRAND PRODUK

*IN 3*

VERPAKKINGS:

*GEEL*

LIGTE MENGSEL

*BLOU*

MIDDELMATIGE STERKTE

*GROEN*

DONKERPYP

*Toets U Handelaar*

Vra PATRIOT

---

ONS is dwarsdeur die Unie, sowel as buite sy grense, bekend vir goeie drukwerk teen konkurerende pryse.

BESTE is om ons te raadpleeg in verband met u benodighede. Prysnoterings word gratis verskaf. Enige soort drukwerk van visitekaarte tot geleerde Dissertasies word onderneem.

*HOU KOERS NA*

Pro Ecclesia-Drukkery,

Drukkers, Uitgewers en Boekbinders.

*Die Laan, Stellenbosch.*

---

*Die Trop Afrikaners ....*

VENTERS

Algemene Handelaars

Teekamer en Garage

van CAPITOL PARK

(Foon 2-6614)

Is My Handelsplek

---

SASBANK

Verrig Volksdiens!

Lenings vir gesalarieerde persone verkrygbaar.

*Terme uiters billik.*

*Raadpleeg* SASBANK

PAARL:— Posbus 266.

WORCESTER:— Posbus 57.

KAAPSTAD:— Posbus 2387.

---

*GEBORE UIT DIE VOLK —VIR DIE VOLK.*

DIE BESTE BETREKKINGS staan vir u oop indien u die nodige kwalifikasies daarvoor besit. Suid-Afrika het behoefte aan leiers op elke gebied. Neem u plek in op die voorpunt.

DIE HELPMEKAAR KOLLEGE

sal ook u help soos hy 16,000 andere reeds gehelp het.

OOR DIE 200 KURSUSSE

Die Beste Lesings!
Die Billikste Lesgelde!
Die Maklikste Terme!

Neem u eerste stap op die pad van sukses en

POS DIE KOEPON VANDAG

Die Besturende Direkteur,
Helpmekaar Korrespondensie Kollege,
Posbus 3512, Voortrekkergebou,
JOHANNESBURG.

Stuur my asseblief besonderhede omtrent u korrespondensie Kursusse.

Ek stel belang in............................

Naam:............................

Adres............................

(O.B. 29 April) ............................

Besturende Direkteur: Dr. H. G. Luttig, M.A. (S.-A.), D.Litt. et Phil. (Leiden).
Mede-Direkteure: J. H. Greijbe (voors.), S. N. van Vuuren, P. Joubert, P. J. v. Z. Hattingh, A. C. v. W. Strob.

Helpmekaar

KORRESPONDENSIE KOLLEGE

Voortrekkergebou 310, Hoekstraat 18,

JOHANNESBURG.

Posbus 3512. Foon 22-3512.

---

AFRIKAANSE DANSPARTYE

Gereeld elke Vrydagaand

in

ADDERLEYSTRAAT 22

(Regoor Garlicks)

Musiek deur

PEET KRUGER

(Vroeër van HENDRIK SUSAN)

EN SY ORKES.

Toegang: dubbel 5/-, enkel 3/-.

Kaartjies verkrygbaar by PIENAAR se HAARSNY SALON. — Foon 3-1047.

Aanddrag verkieslik maar nie noodwendig.

ONDERSTEUN ONS ADVERTEERDERS

---

MARKAGENTSKAP

Vroeë Môre Mark

KAAPSTAD

*Betaling geskied onmiddellik, weekliks, maandeliks of soos verlang.*

Beste Heersende Pryse.

*MINNAAR & VAN SCHOOR.*

Eienaar: Gustav Retief.

Telefoon 2-0212.

---

PORTERVILLE ROLLER MEULE

Eienaar: J. A. du Toit.

Vars en Suiwer Koringmeel
Altyd op Hande.

Gemaal van die Beste Koring in die Westelike Provinsie.

Pryse: 200 pond vir 32/6
100 „ „ 16/9
50 „ „ 8/6

Eerlike Behandeling Gewaarborg.

PORTERVILLE.

---

VOLKSKAS IS U EIE BANK!

ARBEIDSAAMHEID

*Fondse oorskry £1,800,000.*

Hoofkantoor:

Volkskas-gebou, Sentraalstraat,

PRETORIA

Volkskas (Koöperatief) Bpk.

(Opgerig kragtens die Ko-operatiewe Wet)

---

EGTE BOSSIEVELD DROË FYN KAROO-KRAALMIS

| | |
|---|---|
| 1 ton en meer .. .. .. .. .. .. | 29/- |
| 20 ton en meer .. .. .. .. .. .. | 28/- |
| 40 ton en meer .. .. .. .. .. .. | 27/- |
| In klante se sakke .. .. .. .. .. | 18/- |

Bostaande pryse algar per ton van twaalf goeie sakke gelewer Unie-stasies aan bona fide boere deur my. Die mis is droog hamermeul-gemaald, spesiaal voorberei vir kunsmistoestelle. Ek lewer alleen die beste, afkomstig van egte Karoo-bossieveld. Geen onkruid. Monsters op aanvraag. Onmiddellike aflewering. K.m.b. of k.b.a.

B. J. ROODE

Posbus 15. KLIPPLAAT.

# POLITIEK IN DEMOKRATELAND

## PARTY SOEK KANDIDATE

(Eie Beriggewing.)

Alles is in rep en roer in Demokrateland, want die groot algemene verkiesing is op hande. Gister het die hoofbestuur van die Demokratiese Party vergader om te besluit oor die kandidaat vir die kiesafdeling Lekkertwis. Die kiesers dwing al om vir Sors Eerlikheid te nomineer, maar sommige van die hoofbestuurslede het beswaar daarteen gemaak. Onder algemene byvalsbetuiging het Lewies Almansvriend daarop gewys dat ou Sors ouderling is en daarby so eerlik soos 'n skeermes. Aangesien die party nie kan bekostig om 'n enkele stem te verloor nie, en daar minstens vier skelms in die kiesafdeling is wat nie vir Sors sal stem nie, sal die party 'n flater begaan om so 'n eerlike kandidaat te benoem.

Daantjie Bankrot het hom met die beswaar vereenselwig en bygevoeg dat ou Sors nie alleen te eerlik is nie, maar ook te arm. Hy het nie genoeg geld om 'n verkiesingsveldtog te voer nie, en in 'n demokratiese land gaan geld voor alles.

„Ja vrinne," het Piet Vergesig bygevoeg, „in 'n demokratiese land is eerlikheid nie alleen 'n nadeel met die oog op stemmevangery nie, maar dit sluit ook groot gevare in vir ons party. As ou Sors verkies word — met of sonder behulp van die vier skelms — sal hy sitting hê in ons partykoukus, en sal hy dan met alles saamgaan? Dan kry ons net skeuring in ons party! Dan wil ek ook nog wys op 'n ander gevaar. Ou Sors het 'n goeie verstand en 'n harde kop. Die ou sal met allerhande nuwe planne kom, en netnou is hy leier en wat word dan van ons? Ons kan nooit toelaat dat daar 'n sterk man vir ons 'n bedreiging gaan word in ons eie party nie. Dit is nie in belang van ons party nie." (Hoor, hoor!)

Die vergadering het hierop eenparig besluit dat ou Sors se kandidatuur nie in belang van die party sal wees nie.

Die ander aspirantkandidaat is toe bespreek. Dit is Gert Botterkop. Hy het onlangs £20,000 geërf van sy tante wat met ou Kapitaal Penniewitz getroud was, en sy kandidatuur kan dus sterk aanbeveel word. 'n Lid het egter daarop gewys dat, hoewel ou Gert honderd persent beantwoord aan die vereistes van die Demokratiese Party, hy nie in staat sal wees om 'n toespraak te hou nie — hy is net 'n rapsie te dom vir 'n goeie kandidaat.

„Dit hoef geen struikelblok te wees nie," het die ywerige sekretaris uitgeroep. „Daar is ons geliefde dr. Heuningkwas en genl. Groot Lawaai wat die toesprake kan hou. Dis mos ons **party** wat die stryd voer en nie ou Gert nie. Hy is maar net ons kandidaat en die kiesers stem vir die party, nie vir die kandidaat nie. Ons is tog immers nog 'n demokrasie!" (Groot toejuiging.)

Gert Botterkop se kandidatuur was feitlik klaar goedgekeur toe iemand daarop wys dat ou Gert nie sy naam kan teken nie en die tyd voor die nominasiedag is nog te kort om hom dit te leer.

Daar het vir die hoofbestuur niks anders oorgebly nie as om 'n kandidaat van buite af in te voer. Dit was egter die moeilikste besluit van almal, want daar is soveel vriende wat op 'n setel geregtig is en om nou geeneen aanstoot te gee nie!

Ou Hans Stywebeurs het anderdag £100 op 'n kollektelys in belang van die party gegee, en hy behoort darem in aanmerking te kom; maar ou Hans se fout is ook dat hy te veel vir homself dink. So iemand is glad nie 'n goeie partyman nie en kan maklik skeuring in die party veroorsaak. Hulle sal hom maar 'n setel in die aanstaande skoolraadsverkiesing belowe.

Na heelwat wik en weeg is eindelik ooreengekom dat ou Piet Oorloper die setel moet kry. Piet was voorsitter van 'n tak van die Empireparty in Verste Hoek en het onlangs 'n uang brief in die koerant gepubliseer waarin hy sy bedanking uit die party aangekondig en beklemtoon het dat die leiers van daardie party nie meer op die pad van Demokrateland is nie. Hy wou toe eers by die Eenheidsparty aansluit, maar gerugte wou dat die Demokratiese Party die oorwinning in die algemene verkiesing gaan behaal. Hy het gevolglik aangekondig dat hy by die Demokratiese Party aansluit en voortaan rotsvas staan agter die beproefde Demokratiese leier. So 'n brief in die koerante behoort groot invloed uit te oefen op die verkiesing en as die mense dan nog weet dat die skrywer 'n kandidaat is, maak dit sy invloed soveel groter.

Ou Gert Oorloper van Verste Hoek is gevolglik deur die hoofbestuur aangewys as kandidaat vir die setel Lekkertwis. Daar sal so gou as moontlik 'n vergadering belê word om die kandidaat aan sy kiesers voor te stel.

(Word vervolg.)

## NUWE LYSTE VERKRYGBAAR

**Kommando's in Kaapstad wat hul kollektelyste vir die Noodhulpfonds ingestuur het, kan aansoek doen om nuwe lyste vir verdere insameling van fondse. Die lydensweg van die Afrikanervolk het nog maar net begin, en persone wat daartoe in staat is, kan gereeld tot die fonds bydra.**

BELÊ U GELD
waar dit van
3½% tot 5%
rente kan verdien.
Raadpleeg dadelik u
EIE VOLKSBANK
SPOORBONDKAS
BEPERK
Posbus 8289. Johannesburg.
Takke oor die hele Unie.

La Belle Alliance
Privaat Hotel.
DIE AFRIKANER SE TUISTE
*alle moderne geriewe*
Billike Terme
Eienares: Mev. P. J. RETIEF,
Foon 2-3833
*Ons Ontmoet alle Treine.*
Kloofstraat, Kaapstad.

Schoemannello-Drank
is
*DIE SUIWERSTE EN BESTE*
BESTEL DIT ONMIDDELLIK VAN
JURGENS SCHOEMAN
POSBUS 142, OUDTSHOORN.
en
ONDERSTEUN 'N 100-PERSENT
AFRIKAANSE FIRMA

| WYNE: | PER BOTTEL. Wanneer u van 1 tot 5 bottels neem in gemengde kissie van 12 bottels. | PER BOTTEL. In bottels om van 6 tot 12 bottels van een soort te neem in kissie van 12 bottels. | PER GELLING. In 5-gelling vaatjies of meer. |
|---|---|---|---|
| Fonkelwyl .. | 5/- | 5/- | — |
| Lewenswyn .. | 3/6 | 3/6 | — |
| Vermouth .. | 2/6 | 2/6 | — |
| Hanekraai (Cocktail) .. | 3/6 | 3/- | — |
| Likeurwyn .. | 2/- | 1/8 | — |
| Jeropiko (Rooi) | 1/2 | 1/- | 5/6 |
| (Wit) | 1/2 | 1/- | 5/6 |
| Soet Muskadel .. | 1/- | 11d. | 5/- |
| Port .. .. | 1/1 | 11d. | 5/- |
| Worcester Hock | 1/- | 10d. | 4/6 |
| Pontak .. .. | 1/- | 10d. | 4/6 |
| Spesiale Sjerrie | 10d. | 9d. | 4/- |
| Sjerrie .. .. | 9d. | 8d. | 3/6 |
| BRANDEWYNE: | | | |
| choemannello .. | 5/9 | 5/- | 26/6 |
| Brandewyn Ekstra Spes. .. | 5/6 | 4/9 | 25/- |
| F.C. .. .. | 5/- | 4/3 | 23/- |
| JENEWER .. | 6/- | 5/- | — |
| LIKEURS: | | | |
| Kersie-Brandewyn | 5/- | 4/3 | 23/- |
| Anys-Brandewyn | 5/- | 4/3 | 23/- |
| Gemmer-Brandewyn .. | 5/- | 4/3 | 23/- |
| Lemoen-Brandewyn .. | 5/- | 4/3 | 23/- |
| Peperment-Likeur | 5/- | 4/3 | 23/- |
| Van der Hum | 5/- | 4/3 | 23/- |
| JENEWER-LIKEURS: | | | |
| Lemoen-Jenewer | 6/- | 5/- | — |
| Suurlemoen-Jenewer | 6/- | 5/- | — |

Word verkoop in 12-bottel-kissies of 5-gellingvaatjies of groter. U kissie van 12 bottels kan enige getal Wyn, Brandewyn, Jenever, Likeur, Vermouth en Hanekraai bevat. Voeg 4/- by vir kissie en bottels, en 10/- vir vaatjie (indien nie anders ooreengekom met bestuur) wat vergoed sal word by terugsending. Terme: K.M.B., plus treingeld na sylyne of K.B.A., plus treinkommissie. V.O.S., OUDTSHOORN.

SCHOEMANNELLO-DRANK
VIR KWALITEIT EN TEVREDENHEID DIE GOEDKOOPSTE

105 Takke 40,000 Lede
AVBOB
Reserwefonds £90,000
Hoofkantoor:
St. Johnstraat 65, BLOEMFONTEIN
BEGRAFNISSE, KISTE, KRANSE, GRAFSTENE

SLUIT NOU AAN BY DIE V.M.K.
DIE AFRIKANER SE EIE MOTORVERENIGING.
V.M.K. Klubbediening Sluit die Volgende in:
Gratis sleepdiens.
Goedkoper motorversekering, gratis regsadvies.
V.M.K. aanbevole garages, hotelle, losiesbuise en kafees waar gasvryheid en billike Afrikanerbediening u inwag.
Snelle afleweringsdiens.
Padverslae, Pad- en roetekaarte.
'n Unieke motorkenteken.
Volle Besonderhede van:—
DIE HOOFBESTUURDER, Bus 2043, Kaapstad.
DIE TAKBESTUURDER, Bus 1093, Johannesburg.
DIE TAKBESTUURDER, Bus 383, Bloemfontein.

DIE O.B., WOENSDAG, 13 MEI 1942.

# Nie vir die Britse Ryk!

,,Ek is bereid om alles op die spel te sit en om al die magte van Suid-Afrika in te span met die doel om daardie bedreiging af te weer,'' het veldm. Smuts voorverlede week by geleentheid van 'n oorlogskermis in Pretoria gesê met verwysing na die gevaar wat die Britse Ryk uit die Ooste bedreig.

Hierdie woorde met hul onheilspellende volheid word gebesig deur 'n man wat namens 'n party, bestaande vir die oorgrote meerderheid uit mense wat vir alle praktiese doeleindes as uitlanders bestempel kan word, oor die lotgevalle van Suid-Afrika en sy inhoud beskik.

Sedert die stigting van die Unie is die militêre stryd tussen die Boerevolk en Engeland wat in 1902 afgesluit is, op politieke gebied voortgesit. Sedertdien was daar 'n worsteling aan die gang tussen **politieke partye** om die beheer oor Suid-Afrika. Die Boerevolk het gemeen om sy doel te bereik met behulp van 'n party wat dan namens die Boerevolk sou regeer. Soiets was egter onmoontlik omdat dit op die brosse grondslag van gelyke regte berus het. Hierdie grondslag het die liberalistiese standpunt aanvaar dat ons volk nie 'n eenheid volgens taal, afkoms en kultuur is nie, maar 'n veelheid waarvan die Boerevolk maar 'n ,,**seksie** van die bevolking'' is. Die herstel van enige geskonde reg van die Boerevolk deur 'n party is dadelik as ongrondwetlik bestempel, as 'n bevoorregting van 'n seksie van die bevolking. Die beskuldiging dat 'n party ,,seksionele belange'' behartig, was dan daarop gemik om so 'n party by die mengelmoes-volk in onguns te bring en dit as wapen te gebruik om daardie partyregering **tot 'n val te bring. Daarom kon geen nasionale regering die vraagstukke van ons volk van uit 'n Boere-standpunt tot oplossing bring nie, want die blote feit dat hy 'n Boere-standpunt inneem, was genoeg om hom by die bevolking —van wie se stemme hy afhanklik is—as ,,seksioneel'' in onguns te laat verval.** Op hierdie manier het 'n uitlandse pers en 'n uitlandse bevolkingsgroep die hef in hande gehou en belet dat die Boerevolk in sy eie vaderland tot sy reg kom.

## VYFDE KOLONNE

Die stemreg was vir almal en elke uitlander het die reg gehad om vir hom 'n politieke party te kom stig waarmee hy die bewind oor die land kon verower en in naam van sy party regeer. **Op hierdie wyse het Engeland 'n konstitusionele vyfde kolonne in die vorm van 'n politieke party in Suid-Afrika opgebou.** Om die party vir die meerderheid van die mengelmoesvolk aanneemlik te maak, is Afrikaanse leiers gebruik wat onder beskerming van hul Afrikaanse naam 'n uitlandse groep tot oorwinning gelei het. Volgens die beginsels van die partystelsel was hierdie verowering van Suid-Afrika deur 'n uitlandse groep heeltemal in orde en sommige Afrikaanse politici glo dan ook selfs dat, hoewel ons as volk teen die oorlog gekant is, ons land tog nie wettiglik oorlog voer en derhalwe nie in sy oorlogspoging belemmer moet word nie! Dit is egter niks anders as skynreg nie en gevolglik 'n stuk politieke oëverblindery.

Dit is met sy voete op hierdie skyn van reg en met die besliste wete dat die volk van Suid-Afrika — dit is die nasate van daardie manne en vroue wat Suid-Afrika bewoonbaar gemaak en vir sy behoud **teen** die Britse Ryk geveg het — hart en siel teen die oorlog gekant is, dat hierdie Britse veldmaarskalk dreig om ,,alles op die spel te sit'' ten einde die ondergang van daardie Ryk — 'n hartewens van miljoene sugtendes — te voorkom.

Ons weet nie of die Veldmaarskalk met hierdie woorde bedoel om ons land en volksbestaan— wat natuurlik saam met ,,alles'' op die spel gesit sal word — te laat ondergaan soos 'n vasgekeerde skeepskaptein sy eie skip na die kelder stuur nie, **maar as dit sy plan is, moet hy gewaarsku wees dat die Boerevolk Suid-Afrika nie as 'n dryfvlot van die Empire beskou nie, maar as sy enigste vaderland — 'n vaderland wat hy in die verlede nog steeds teen elke aanslag met sy lewe verdedig het.**

As veldm. Smuts met 'n uitlanderparty in die naam van Suid-Afrika wil oorlogvoer omdat die demokratiese partystelsel soiets wettig, is dit al ver genoeg dat ons land sy ekonomiese belange daarvoor moet inboet en reeds veels te ver dat ons volk sy seuns moet offer; as hy Suid-Afrika en sy volk op die spel wil sit, sal die beker gevul wees.

**Die Boerevolk is gewoon om alles op die spel te sit vir homself en sy vaderland, en as Suid-Afrika met sy volk moet ondergaan, sal dit beslis nie in die geskiedenis aangeteken staan dat hulle ten behoewe van die Britse Ryk ondergegaan het nie.**

# ,,8 Augustus 'n Dankdag vir O.B.''

## Voorsitster van V.A.R. Steun Oproep van K.G.

Die volgende boodskap in verband met die viering van Fondsdag op 8 Augustus ingevolge die oproep van die Kommandant-generaal, word aan die O.B.-vroue gerig deur mev. J. H. Conradie, voorsitster van die Vroue-Adjunkraad:

Laat 8 Augustus vir elke O.B.-lid 'n dankdag wees vir die besieling van die ossewatrek wat op daardie dag die reis begin het, en sy spore so diep in die hart van die Afrikaner gegraveer het.

Laat 8 Augustus ook 'n Offerdag wees; 'n dag waarop die O.B.-lid sy offer sal bring en opnuut sy geloof sal toon in die beweging wat daarna streef om die vryheidsvlam aan die brand te hou in die siel van die Afrikaner.

Ek wil 'n dringende beroep doen op elke lid van Vroue-kommando's dwarsdeur ons land om op 8 Augustus met die daad te toon wat die O.B. vir haar beteken, die beweging waar 'n gees van Kameraadskap geskep word, en waarbinne daar vir elke vrou die geleentheid is om haar vaderland te dien.

## GELOOFSDAAD VAN O.B.-VROU

**Mev. Ferguson-Louw, bekende Afrikaanse skilderes en 'n kommandante van die Ossewabrandwag op Bellville, het ingevolge die oproep deur die Kommandant-generaal tot die hou van 'n Fondsdag op 8 Augustus, elf van haar pragtige skilderye aan geskenk aan mev. J. S. du Toit, wat in opdrag van die K.G. aan die hoof staan van die landswye onderneming, geskenk vir opveiling ten bate van die O.B.-fonds. Sy het voorgestel dat mev. Du Toit een skildery aan elke hoofgeneraalskap in Kaapstad skenk en een aan elke Provinsie.**

**Ten einde die armer lede van die O.B. ook 'n geleentheid te gee moet dit sjielingsgewys opgeveil word. 'n Gelukkige bieder kan dan 'n pragtige Afrikaanse kunsstuk vir 'n sjieling bekom.**

**Mev. Ferguson het reeds ses skilderye ten behoewe van die O.B. verkoop wat 25 ghienies ingebring het.**

**Ons hoop dat hierdie mooi voorbeeld van 'n Afrikanervrou ook navolging onder die manlike geslag sal wek.**

# As Selfs Hulle Van Afrekening Praat . . .

In 'n toespraak verlede Dinsdag in Kaapstad het lt.-kol. E. P. Hartshorn hom bitsig uitgelaat teen die sogenaamde sleutelmanne wat agter hul betrekkings of in deeltydse eenhede skuil. Hy het so ver gegaan om wraakneming te belowe aan die einde van die oorlog wanneer die soldate van die front terugkeer. Hy het natuurlik namens die vrywillige vrywilligers gepraat wat uit oortuiging teen die Duitsers en Italiane in die Noorde veg. Merendeel van die troepe daar veg egter nie uit oortuiging nie, maar omdat hulle deur ,,sleutelmanne'' by wyse van broodontneming ,,vrygestel'' is vir oorlogsdiens.

Wat in daardie manne se harte omgaan, behoort manne soos lt.-kol. Hartshorn te besef wanneer hy, as vrywillige vrywilliger, verbitterd voel teenoor diegene wat hy voel hom in die steek laat. Vir die Afrikaner is dit nie 'n kwessie van ,,in die steek laat'' nie — wat 'n blote pligsversuim veronderstel—maar dit is 'n geweldaad wat skreeu teen die hoogste opvatting van geregtigheid. 'n Mens kan jou kwalik iets onmensliker voorstel as dat 'n volk deur kapitalistiese foltering gedwing word om teen sy aangebore oortuiging te gaan veg vir die behoud van sy veroweraar, terwyl daardie veroweraar se geesgenote op die veilige vaderlandsbodem van daardie volk sit en die agterblywende volksgenote teister met hoon en vervolging.

**As diegene wat hulle maar net in die steek gelaat voel, praat van wraak ná die oorlog, sal die oorlogshitsers en uitskoppers wat Afrikaners teen hul sielsoortuiging in die Britse oorlog stoot, besef dat 'n tydige waarskuwing deur 'n Afrikaanse organisasie soos die Ossewabrandwag teen hierdie misdaad wel nie 'n ydele woordgeklap is nie? En sal dit hulle nie tot nadenke stem voordat hulle 'n slagoffer ,,vrystel'' om in HUL plek te gaan veg vir iets wat hy nie alleen geen liefde voor het nie, maar inteendeel die grondigste rede het om met vyandskap te bejeën?**

## AAN INTEKENARE

**Dit blyk uit die groot aantal klagtes uit alle dele ontvang dat in baie gevalle intekenare wie se name en adresse behoorlik aangeteken is deur ons administrasie, tog nie hul uitgawes van ,,Die O.B.'' gereeld kry nie. Ons versoek sodanige intekenare dringend om ons hande te sterk in vertoë wat ons aan die Hoofposkantoor rig, deur gereeld hul klagtes by ons in te dien totdat bevredigende diens gelewer word.**

DAGBREEK vir die AFRIKANERS
STABILIS
Die Nuwe Suiwer Afrikaanse Maatskappy bied sy dienste aan in verband met
- *Koop en verkoop van al u eiendomme*
- *Geldbelegging — Besigheidsadvies*
- *Advertensies en Drukwerk*
- *Versekering (Lewens, Brand, Motor, Ongevalle, ens.)*

STABILIS-AGENTSKAPPE EN BELEGGINGS-MAATSKAPPY
Ons is Agente vir:
HELPMEKAAR KOLLEGE JOHANNESBURG.
Ook vir Bou-maatskappye en die vernaamste Assuransiemaatskappye!
Ons onderneem Afslaerswerk van Vaste Eiendomme en alle Losse Goedere, soos Huisraad, ens.!
Foon 30764—Kamer 801/2—Groote Kerkgebou, Adderleystraat, KAAPSTAD.

DIE GOEIE HOOP
(KOÖP.) HANDELSHUIS, BPK.
Voortrekkerweg, Bellville. Foon 97814. — VIR — Hoofweg, Durbanville. Foon 60.
KRUIDENIERSWARE — LAAGSTE PRYSE.
- MANS- EN DAMESKLERASIE.
DIE BESTE — DIE GOEDKOOPSTE.

# Wie Kan Huisvesting Verskaf Aan Uitgeskopte Afrikaners?

## Ossewabrandwag Wil Beskerming Verleen Aan Veronregte Broodwinners

Nadat die Regering nou feitlik daartoe oorgegaan het om besigheidsbase aan te stel as rekruteringsbeamptes ingevolge sy jongste dekreet wat van alle werkgewers 'n opgawe insake hul personeel se gesindheid jeens die oorlog opvorder, het dit vir die Ossewabrandwag nodig geword om slagoffers van hierdie afpersingsproses in sy beskerming te neem. Die Ossewabrandwag het reeds gewaarsku dat hy van hierdie metode om vrywilligers vir die Britse oorlog te kry, deeglik kennis neem, en dat met die kapitalisme ter gelegenertyd afgereken sal word.

**Ons doen tans 'n beroep op alle boere en welgestelde Afrikaners om behulpsaam te wees in 'n poging om te verhoed dat Afrikaners onder die skyn van vrywilligheid na die Britse slagvelde gestuur word. Indien alle persone wat huisvesting op hul plase aan ontslane broodwinners kan verskaf, hul name na die O.B.-hoofkwartier stuur, kan ons sulke uitgeskopte Afrikaners vir ons volk behoue laat bly. Ons kan hierdie slagoffers van die Empire dan tydelik versorg tot tyd en wyl die uur van redding en vryheid aangebreek het.**

Plaaslike gevalle in kommando's kan deur die betrokke offisiere self behandel word waar hulp aangebied word; so nie moet die name na die hoofkwartier gestuur word.

Terselfdertyd nooi ons sulke uitgeskopte Afrikaners uit om hul name en adresse, sowel as dié van die werkgewers wat hulle vir oorlogsdiens vrygestel het, aan ons te stuur. Indien hulle gewillig sal wees om tydelik op 'n plaas behulpsaam te wees en vir hul kos arbeid te verrig, kan ons hulle by welwillende Afrikaners 'n onderdak vir die duur van die oorlog verskaf.

**Werkgewers wat Afrikaners teen hul oortuiging in die Britse oorlog stoot, moet gewaarsku wees dat so 'n optrede 'n brutale skending van die beginsels van geregtigheid is en 'n daad van geweld teenoor die Boerevolk. As sodanig sal dit beskou en behandel word wanneer die Afrikaner die seggenskap in sy vaderland herower het.**

## NOU EERS 'N WOLFABRIEK

### Partyregerings nie in Staat Britse Uitbuiting te Belet

Dit is met tragiese blydskap dat die volk van Suid-Afrika tans kennis neem van die beweging om 'n wolfabriek vir die Unie op te rig. Ons sê tragies, want niks getuig so sterk teen die slawediens van Suid-Afrika aan die Empire as die feit dat 'n wolproduserende land soos ons na al die jare nog nie eens 'n fabriek het wat sy eie grondstowwe kan verwerk nie. Australië wat met skaapboerdery eers ná ons begin het, het vandag reeds 35 eie wolfabrieke.

Suid-Afrika het dan ook nog geen selfstandige roeping ooit kon vervul in die volkerewêreld nie, want hy was ten volle besig om 'n dividend uit te werk op die veroweringskapitaal van Groot-Brittanje. Meer as 200 miljoen pond is deur Engeland bestee om net die Transvaal en Vrystaat in die drie jaar van 1899 tot 1902 vir sy voordeel in te palm. Hierdie reuse-bedrag tesame met al die miljoene wat oor 'n tydperk van 'n eeu in die Britse veroweringsonderneming belê is, kon nie vir Engeland dooie kapitaal wees nie. Dit moes gedek word en nog boon-op groot rente oplewer. **Gevolglik is ons grondstowwe aan Engeland aangebied teen pryse wat laer is as die produksiekoste van die boer. Die verlies vir die boer is deur ons slaafse Regering aangevul by wyse van subsidie wat hy uit die sakke van die boere self getrek het in die vorm van belastings. Sy eie wol het die boer later in die vorm van klere teruggekoop van Engeland nadat dosyne mense hul profyte uit die hantering gemaak het.** Hierdie Britse middelmanne het al hoe ryker geword en ons eie boere al hoe armer. Op dié wyse het daar in die afgelope tyd jaarliks 'n dertig miljoen pond aan ongunstige handelsbalans uit ons land na Engeland gegaan, wat ons op sy beurt die „eer" aangedoen het om ons sy beste klant in die wêreld te noem.

**Hierdie wantoestand wat deur die kapitalistiese Imperialisme in ons land geskep is, kon deur geen partyregering in ons land weggeruim word nie ondanks die feit dat die nasionale deel van die volk etlike kere hul kele hees gejuig het oor sogenaamde eleksie-oorwinnings by die stembus.** Die rede daarvoor is dat Engeland ons die demokratiese partystelsel opgedring het wat aan elke man, vrou en naturel volle seggenskap in die regering gee — die hooggeprese stemreg.

**Op dié wyse kan uitlanders op die rug van 'n party die regering van ons land verower of met hul stemme beheer. Op dieselfde wyse is Suid-Afrika deur 'n politieke party vol uitlanders in die Britse oorlog gesleep.**

Gee ons 'n republiek gegrond op **eenheid** in plaas van partypolitiek, en dit sal nie nodig wees om in die derde eeu van 'n volk se bestaan nog te juig oor die eerste fabriek wat opgerig staan te word nie.

In ons Boere-republiek sal ons land se opbrengs in die **eerste plaas vir die Boerevolk** geproduseer en verwerk word. Wat oorbly kan uitgevoer word.

## VYANDELIKE ROK NADER AS EIE HEMP?

**Vandat Die Burger betaalde advertensies van mede-Afrikaners weier, is hy blykbaar genoodsaak om advertensies in belang van die oorlog te plaas. Daar verskyn tans in hierdie Afrikaanse blad (b.v. 8 Mei) groot dubbelkolom-advertensies met die opskrif „Moenie oor Skepe Praat nie". Dit word geplaas deur die Regering se Inligtingsburo in samewerking met die Vlootowerhede.**

**'n Advertensie van die Ossewabrandwag ten behoewe van geïnterneerdes kon die blad nie plaas nie omdat die O.B. 'n vyandige organisasie sou wees. En die Regering se Inligtingsburo? En die Britse Vlootowerhede? Staan hulle nader aan die H.N.P. as die republikeinse Ossewabrandwag?**

# DIE OORLOG.

**Birma.**

Gedurende die afgelope veertien dae is dit weereens in die Verre Ooste en veral aan die Birmaanse front waar die grootste beweeglikheid plaasgevind het. Aan hierdie front het die oorlog vir die Britte en hul Chinese bondgenote — dit is opmerklik dat 'n mens nooit van Birmaanse soldate hoor nie — 'n uiters kritieke stadium bereik. Op verrassende wyse het die Japanners daarin geslaag om 'n flankbeweging uit te voer, die Birma-pad noord-oostelik van Mandalay af te sny en die belangrike spoorwegterminus Lasjio, vanwaar die Birma-pad na China begin, te beset. Intussen het ook Mandalay, die strategies-belangrike stad wat ná die verlies van Rangoen die setel van die regering geword het, in Japanse hande geval. Japanse troepe het reeds langs die Birma-pad die Chinese grens oorskry.

Hierdie verrassend-snelle en groot Japanse suksesse in Birma kan verreikende gevolge hê. Nie alleen staan die Britse en Chinese troepe vandag voor die groot gevaar om omsingel en vernietig te word nie, maar die allerbelangrikste Birma-pad is reeds afgesny. Hoewel hierdie pad vir Tsjoenking-China reeds veel van sy waarde verloor het met die Japanse besetting van Rangoen, kon Tsjoenking-soldate nog altyd langs hierdie weg na Birma ingevoer word om te help in die stryd teen die Japanners.

Chinese mense-materiaal was juis wat die Britte nodig gehad het.

Die jongste Japanse suksesse het dus 'n wig ingedryf tussen Birma en Tsjoenking-China en laasgenoemde, wat nie langer noodsaaklike Britse en Amerikaanse oorlogstuig oor die Birma-pad kon kry nie, staan op die oomblik feitlik geïsoleerd van die buitewêreld. Die moontlike immobilisasie van miljoene Chinese soldate wat op 'n dergelike isolering mag volg, sal sonder twyfel vir die Brits-Amerikaanse bondgenote in die oorlog teen Japan 'n baie gevoelige verlies wees.

Die groot Japanse suksesse in Birma sal waarskynlik nie sonder uitwerking op Indië wees nie. Britse nederlae het nie alleen die Japanners tot aan die Indiese grens gebring nie maar Britse militêre aansien is bepaald ook nie in Indië verhoog nie. In plaas dat die Japanse suksesvolle voortmars die Indiërs vreesbevange maak en onder die vlerke van Brittanje injaag, verneem ons dat die Al-Indiese Kongres nie alleen geen berou het dat Cripps onverrigter sake huis-toe gestuur is nie, maar juis op hierdie kritieke tydstip algehele afskeiding van die Empaaier propageer.

Niks is so suksesvol as sukses nie en dit geld veral vir die vrugbare verbeeldingskrag van die Oosterling.

**Madagaskar.**

Terwyl die oorlog in die Verre Ooste hom al meer en meer tot die Indiese Oseaan uitbrei, het Britse strydmagte nou skielik in 'n ander deel van hierdie oseaan op die Franse eiland Madagaskar geland. Hoewel dit nog nie duidelik is hoe die Franse regering op hierdie Britse inval sal reageer nie, is dit onwaarskynlik dat hierdie Franse kolonie onder huidige omstandighede suksesvolle weerstand sal kan bied. Die oorlogspotensiaal van Madagaskar, met 'n bevolking van 3½ miljoen waarvan slegs 20,000 Europeane, is daarvoor veels te gering.

Die Britse landing op hierdie eiland, wat dig aan ons eie kus lê, staan in regstreekse verband met die Japanse voortmars in die Indiese Oseaan. Die landing het geskied, so word ons verseker, om 'n Japanse besetting te voorkom. Hoe dit ook al sy, die geografiese ligging van hierdie eiland maak Madagaskar strategies-belangrik. Dit kan onder omstandighede die seeverkeer om die Kaap na Indië en ander gebiede wat deur die Indiese Oseaan bespoel word, beheer. Die nabygeleë eiland Mauritius het as Franse besitting gedurende die Napoleontiese oorloë bewys gelewer hoe gevaarlik dit vir die Britse seeverkeer in die Indiese Oseaan kan wees. Dit is dan ook om hierdie gevaar uit te skakel dat Brittanje destyds Mauritius op die Franse verower het. Vandag is die posisie

(Vervolg in voorgaande kolom)

(Vervolge van volgende kolom )

egter ietwat verskillend. Destyds was daar geen moondheid om die mag van Brittanje in die Indiese Oseaan en in Asië te betwis nie. Mauritius was dus, voor die Britse verowering daarvan, slegs 'n ontbrekende skakel in 'n ketting van steunpunte wat die moederland met die Verre Ooste verbind het. Vandag, egter, bestaan daar 'n moontlikheid dat Madagaskar niks meer as 'n los skakel mag word sonder om ingeskakel te wees in 'n ketting van steunpunte. 'n Britse besetting van Madagaskar sal bv. weinig baat tensy Brittanje in Asië self sterk genoeg is om aan die Japanners daar die hoof te bied. As die Japanse oorwinnings van die afgelope vier maande sou voortduur, sal ook Madagaskar maar slegs beperkte strategiese waarde besit. Hierdie Franse eiland is overigens te onontwikkeld en ook te vêr afgeleë om as Britse afspringplek te dien vir 'n aanval op die Japanse mag in Asië. As Britse voorpos vir die beskerming van suidelike Afrika teen 'n moontlike Japanse inval, mag Madagaskar wel waarde besit, maar dit is moontlik dat ook hierdie waarde oorskat kan word.

J.A.W.

5 Mei 1942.

# Aan die Penkoppe

## *Planne om Geld te Maak*

Met die oog op die groot Fondsdag wat ons Kommandant-generaal uitgeroep het vir 8 Augustus, die dag waarop die Ossewaentjies Kaapstad tydens die Voortrekkereeufees in 1938 verlaat het, gaan ons vir julle hierdie keer weer vertel hoe ander Penkoppe in Kaapstad geld ingesamel het deur met pennies te woeker.

Genl. mev. Du Toit het aan die penkoppe van Kaapstad elkeen 'n pennie en aan sommige 3 pennies gegee met die bevel dat hulle daarmee moet gaan woeker totdat hulle meer geld het wat dan in die O.B. se kas gestort moet word.

Willie Karsten van Bellville skryf in sy briefie dat hy met sy pennie druiwe gaan koop en dit weer verkoop het. So het hy aangehou totdat hy 2 sjielings kon terugbring.

Johann Steyn, ook van Bellville, het nie minder nie as 11 sjielings teruggebring vir sy pennie! Hy het 'n bossie blomme daarmee gaan koop en dit vir 6d. verkoop. Daarna het hy van sy mammie koek vir die 6d. gekoop en so aangehou tot hy die 11s. bymekaar gehad het.

Aletha van der Byl, van Langstraat, Kaapstad, het drie pennies ontvang waarmee sy 'n stukkie materiaal in die winkel gaan koop het waarvan sy sakdoekies gemaak het. Elke keer het sy maar weer materiaal gaan koop en so aangehou totdat sy altesame 3s. 4d. vir haar sakdoekies gekry het. Sy is nog maar twaalf jaar oud.

Andries van der Byl, 'n jonger broertjie van die vorige penkoppie, het met sy pennie 'n bottel pynappelbier van sy mammie gekoop. Ek dink sy mammie trek hom voor; hy is seker die jongste. In elk geval, hy het die bier toe in glase verkoop teen 2d. per glas en met die geld nog meer bier laat maak. So het hy aangehou en 5s. 1d. teruggebring.

'n Penkoppie wat haar naam teken as Hilda en in Villa Maree, Maitland, woon, het met haar drie pennies drie poppies gekoop en dit teen 'n trippens elk verkoop. Sy koop toe 'n groter pop wat sy vir 1s. 6d. verkoop. Sy skryf dat sy egter nie verniet kookkuns in haar skool geleer het nie, en wat sy toe doen, is om druiwe en suiker te koop waarvan sy 'n bottel heerlike konfyt kook. Dit is darem eerlik van haar dat sy dit nie self opgeët het nie! Vir die bottel konfyt het sy 4s. ontvang.

Hoe lyk dit Penkoppe, gaan julle nie elkeen vir Pa of Ma 'n pennie vra en gaan woeker om op 8 Augustus 'n groot klomp geld in die bussie te gooi nie?

## NEHEMIA BEGIN MET 'N VOLKSREGISTER

(Deur Ds. T. N. Hanekom.)

Neh. 7—8. In hierdie twee hoofstukke word vir ons beskrywe die verdere werksaamhede van Nehemia as volksvormer en dit is baie treffend om te sien dat hy begin met 'n volksregister, 'n stamlys dus! Hy wou natuurlik sien hoe sterk hy is of hoe swak. Maar die vernaamste doel van hierdie stamlys was tog daarin geleë om sy volk suiwer te hou van die begin af. Alleen die wat suiwer bloed in hulle are het, was op daardie lys geplaas. Dit was 'n ere-rol vir die wat die eer wêrd was om as grondleggers vir die toekoms in aanmerking te kom. Almal met basterbloed, „wat nie hul familie en hul afkoms kon aanwys, of hulle uit Israel afkomstig was nie" (v. 61) is afgesonder as 'n aparte groep. Die sonde van hulle vaders het vir hulle suur te staan gekom! In die eerste plek het hulle geen burgerreg in daardie land gehad nie. Hulle is geskrap op die stemlys. Maar ook is hulle uitgesluit by die aanstelling van amptenare vir die staat en die kerk. Wat 'n groot tragedie vir hierdie mense lê nie opgeslote in die korte aantekening van Nehemia nie: „Hulle het onder die wat in die register opgeneem is, hulle stamboom gesoek maar dit was nie te vinde nie; **daarom is hulle onbevoeg verklaar vir die priesterskap"** (v. 64). Hulle was nie toegelaat om die volk te dien nie en ook nie om die volk te lei nie. En dit is goed! In die verlede het hulle gewys dat hulle nie die volkspad ken nie, hoe kon hulle dan die volksleiers word? Veral as die toekoms so donker lyk, wil Nehemia seker wees dat hy kan staatmaak op sy leiers. Hulle moet die weg na die volk se eindbestemming ken en bewandel, en, wat net so noodsaaklik is, hulle moet werklik aan die volk behoort. Anders sweer hulle netnou trou aan twee lande tegelyk. Dan waai daar netnou twee vlae aan een stok oor Palestina en probeer hulle om twee volksliedere te sing in een asem, en twee landstale ewe goed te praat. Hieruit word tog maar net 'n soort tweeslagtigheid aangekweek en die weg oopgemaak vir verder verbastering, verbrokkeling en verval. Maar daarin word ook die wet van God geskend. Want die Here het vir elke nasie sy eie weg bepaal, sy eie roeping daargestel, en alleen langs sy eie weg kan hy ook aan die mensheid sy hoogste diens bewys.

Wanneer ons hierdie gedagtes lees, besef ons dat hulle op geen ander volk beter van toepassing is, as op die Afrikanervolk. Hierdie gedagtes is die wegwysers vir ons, ook in hierdie tyd. Ons het dieselfde moeilikhede en dieselfde gevare. Daarom vra die hele volk vandag na dieselfde soort leier, na 'n Nehemia, wat met 'n profeet se oog die probleme van ons tyd sal raaksien, en die weg sal aanwys om hulle op te los! Een ding staan vas, hy sal moet optree as bewaker van die bloed-eer van ons Boerenasie. Hy moet ons volkspoorte sluit vir die volksvreemde indringer. Ons het baie groot behoefte aan 'n volksregister, 'n stamlys, 'n ererol vir volksdiens en volksleierskap!—(Uit Die Matie.)

## VERWYT O.B. NOU DAT HY NIE AAN PARTYPOLITIEK DEELNEEM

„Nie alleen het b.v. die O.B., op een tyd die sterkste Afrikaner-organisasie in ons geskiedenis, tot vandag toe geen stap hoegenaamd ter bestryding van die Smutsbeleid gedoen nie, maar sowel die O.B. as die Pirowiete toon deur hul optrede dat hulle nie eens in die stryd wat vandag teen die Smuts-bewind gevoer moet word, geïnteresseerd is nie."

Hierdie verwyt word die Ossewabrandwag deur Die Burger van 27 April toegevoeg, maar die blad vergeet dat die **„sterkste Afrikaner-organisasie" dan juis geskeur moes word omdat hy begin belang stel het in die stryd teen die Smuts-bewind deur die verkondiging van 'n republiek as alternatief vir die Empire-bewind!** Toe is hom die ultimatum deur die Partyleiding gestel: „Verwyder jou onmiddellik van die politieke terrein of jy sterf!" Nou verwyt Die Burger ons omdat ons nie in die party-politiek geïnteresseerd is nie!

**Moet ons aanneem dat in hierdie verwyt 'n erkenning opgesluit lê dat die Ossewabrandwag deur die Party-leier onskuldig ter dood veroordeel was?**


VIR ENIG IETS SMAAKVOL EN DEFTIG IN
DAMES-ROKKE
besoek
Steyns
PAROW SE
NUWE MODERNE SAAK.

DE KOCK se GARAGES
Voortrekkerstraat, MIDDELBURG, Tvl. | Herefordstraat, GROBLERSDAL, Tvl.
*Eienaar: D. D. DE KOCK*
Agente vir Pontiac en G.M. Vragmotors
Moet nie dat u motor vir u moedeloos maak nie — Laat ons dit vir u splinternuut maak.
V.M.K. AANBEVEEL.


## JUKSKEIE

SPEELJUKSKEIE: Bottelvorm 3/- paar. Platte 4/- paar. Kontant met bestelling. Paul Botha, Olifantshoek, P.K. Hoekwit, George.

## *Geklassifiseerde Advertensies*

### IN MEMORIAM

LORENZON. — Moederlief laas op u verjaarsdag, 7 Mei, kon ons gelukkig en bly saam wees en nou.... net 'n kransie op u graf en 'n verlangende hart, want reeds is u 3½ maande al van ons af na u hemelse Vader. O! niemand sien die trane wat ons ween, vir ons moeder wat ons nooit genoeg waardeer het nie. Nou dat u weg is kan ons eers besef wat u vir ons was, want:—

Geen nag was te donker geen offer te veel,
Viral in ons leed het u gedeel,
Moeder u is weg nou en veilig, gelukkig en bly,
Van kommer, lyding en smarte bevry,
Dog hier in ons hart is die wonde nog so rou
Oor ons moeder se heengaan, ons moeder so trou.

U verlangende kinders,
Frikkie en Babs Wandrag en
Kleindogter Ellentjie.

### HUWELIK

ROSSOUW — VAN NIEKERK. Ons, Mavis van Niekerk van Uniondale en Helgard Rossouw van Rietfontein, Humansdorp, maak hiermee aan Brandwagte bekend dat ons (D.V.) gaan trou in die N.G. Kerk te Uniondale, op Dinsdag, 19 Mei 1942. Geen kaartjies. Geen resepsie.

### BEDANKING

LANGS hierdie weg wil ons graag al ons O.B. en ander vriende bedank vir hulle vriendelike belangstelling en simpatie met die internering van ons eggenoot en vader. Die Worcester se polisie vir hulle tegemoetkomende houding in die vervulling van hulle plig. As vrou en kinders sal ons dit altyd onthou.

Bessie, Robert en Coenraad Mohr.

### BENODIG

BLANKE meisie vir gewone huiswerk. Goeie salaris. Doen aansoek by Mev. Dr. Coertse, Universiteits-Oord, Stellenbosch.

BLANKE meisie om te kook in 'n Afrikaanse huis te Rondebosch, omstreeks 1 Junie. Twee diensmeisies in diens. Begin salaris £4. Getuigskrifte oor gedrag en bekwaamheid noodsaaklik. Meld ouderdom. Doen aansoek by „Die O.B.," Posbus 1411, Kaapstad.

BOEKHOUER en Assistent Bestuurder vir 'n vinniggroeiende motorwerke en algemene handelsaak op die platteland. Goeie vooruitsigte vir die regte man. Skryf besonderhede van ondervinding, salaris verlang, ens., aan „Garage," p/a. „Die O.B.," Groote Kerkgebou 916, Adderleystraat, Kaapstad.

### BETREKKING GEVRA

JONG O.B. offisier wens betrekking te vra van enige aard. Gewillig enige iets te doen vir 'n lewe. Beroep:— Loodgieter. Skryf aan:— G. Strydom, Brandstraat 25, Kroonstad, O.V.S.

### PLAASVOORMAN

FLUKSE en betroubare man vir wingerdplaas. Ongetroud of getroud met klein huisgesin. Doen aansoek by:— A. Botha, „De Eike," Rawsonville.

### VERBAND GEVRA

O.B.-lid vra dringend eerste verband van £1,300 op 'n plaas, geleë in Worcester distrik. Verband is opgesê. Doen aansoek by: **VERBAND, Kamer 915, Groote Kerkgebou, Adderleystraat, Kaapstad.**

### GEVRA

WORD 'n lid van die Sonop Korrespondensieklub en ontmoet nuwe vriende. Stuur 'n gefrankeerde koevert aan Posbus 1642, Kaapstad vir besonderhede.

### TE KOOP

EEN **Allis Chambers Band Trekker** met 3-skaar **Moline Trekker Ploeg**; albei in goeie werkende orde. Pryse billik. Skrywe aan **Kemp, Bus 16, KIRKWOOD.**

TWEE opreggeteelde Jersey bulletjies — goedgekeur deur inspekteur en hoog deur hom aanbeveel. **Grootvader: Lone Crag Silverking,** 11,000 pd. melk en 570 pd. bottervet in 300 dae — deur myself gebruik, en verskeie eerste pryse en kampioen prys. **Vader:—** Uitkamp Metador, oor 6% bottervet. Sy vader groot kampioen op Rosebank 1937. Geteel van uitstekende moers — ouderdomme 14 maande. Prys £12-10-0 K.M.B. gelewer Emmaus Sylyn. Mev. G. D. van der Merwe, Waveren, Emmaus Sylyn.

### APPELS

**APPELS:** Rome Beauty, Pearmain, Ohenimuri, 10/6 per kissie. K.M.B. of K.B.A. Leë inhouer terug.

**Kookappels** 6/6 per kissie. V.O.S. **B. J. STANDER, Privaat Possak, Westwood, Dist. George.**

### HERHOLDT SE BOOMKWEKERYE

**Posbus 660, JOHANNESBURG.**

Geniet die vrug van u arbeid; plant die beste gehalte bome.

**JUBILEUM Perske** — ons gevierde „Kersfees-Elberta," enorme draer wanneer ander soorte misluk. 3/6 elk; £7-10-0 per 100.

**HERHOLDT'S X.B.** Die nuwe Januarie-inmaak-geelperske. £8-10-0 per 100.

Early Dawn, Mamie Ross, Peregrine, Elberta, Appelkose, Pruime, Nektariene, vanaf 1/- elk. Pere, Kersies, Moerbei, Tamatiepruime, heerlike Tafeldruiwe. Pragversamelings ROSE, Palms, Sierstruike

Bespreek bestellings nou. Geïllustreerde Katalogus en Plantgids gratis.

**Uitgegee deur Voorslag (Edms.) Beperk, Kamer 916, Groote Kerkgebou, Adderleystraat, Kaapstad, en gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery, Die Laan, Stellenbosch.**